



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

25 November 2021

Gedagte vir die week:

Elke vandag is die belangrikste dag van my lewe.

Vertretpunt:

Matteus 22:1-14

Meditasie uit die Woord:

Ons teks gaan oor twee gastelyste. Die eerste geslote gastelyst gaan oor die voorkeurgaste. Die tweede oop gastelyst gaan oor die ander, die res! Die tragedie van die storie is dat die voorkeurgaste nie voorkeur gegee het aan die uitnodiging nie, maar dit óf geïgnoreer het, óf geweier het. Die oordeel oor hulle is dan dat hulle die uitnodiging nie werd/waardig was nie. En dan word dit stil tussen hulle en die koning wat hulle genooi het. Hy nooi die voorkeurgaste nie weer nie. Hy nooi ander. Ek het sommer dadelik gedink aan die moontlikheid dat dit stil kan word tussen God en sy kerk, tussen God en sy Agter-Paarl Gemeente, tussen God en my en jou. Ek wonder of God aan ons dink as werd en waardig. Ek wonder of God nie dalk ook aanbeweeg het, wegbeweeg het nie. Lyk my daar kan só 'n dag kom dat God 'n mens los. Ek wil dit nie eintlik glo nie, ek wil regtig nie, maar ek het al gesien dat God mense los om hulle eie ongesonde en siek partytjies by te woon en die konsekwensies daarvan te dra. Vroeër dae het ons gepraat van genadetyd met die bedoeling dat die tyd vir genade ook grense het. Ek voel ongemaklik daarmee, maar ek lees wel iets van dit raak. Die Bybel praat nogal baie van "vandag as jy Sy stem hoor ...". Vandag is 'n belangrike woord, veral as jy onthou dat more dalk nie gaan wees nie, of dat more dalk té laat mag wees. Ek het al die trane gesien van mense wat gewens het dat hulle gister anders besluit het. Baie keer wonder ek of dit God en die lewe is wat wreed is met ons en of dit eintlik ons is wat wreed is met God en die lewe (en met onself?). Ons instinktiewe vraag is mos, "Hoekom laat God dit toe?", maar wat van 'n ander vraag, "Hoekom laat ek dit toe?" Uuh? Hmmm!! Nogal iets om oor na te dink.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 28 November 2021 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/ZoPxwf4zTC0>

Meditasie uit die Lewe:

Die krieketspeler, Tim Paine, het bedank as kaptein van Australië se nasionale krieketspan. Hy het dit gedoen omdat hy 'n paar jaar gelede seksueel eksplisiete boodskappe en fotos aan 'n vroulike kollega gestuur het. Aanvanklik is hy vrygespreek, maar nou het die boodskappe weer op die lappe gekom. Voordat enige iemand hom weer kon verhoor het hy op 'n tranerige perskonferensie uit eie beweging bedank as kaptein. Ek het by die lees van die berigte gedink oor leiers wat ten alle koste klou aan hulle posisies van mag en status. Ek het gedink aan wat die implikasies van vergifnis vir leierskap is. Diskwalifiseer een oortreding my vir altyd vir leierskap? Hoe lank moet 'n mens gestraf word vir 'n oortreding voordat jy weer kan/mag aanbeweeg? Ek het al weer nie die antwoord nie, maar ek moet sê iets van wat Tim Paine gedoen het, al is dit dalk 'n bietjie laat in die proses, spreek tot my. Die beste wat ek kan sê is dat ek dink dit is altyd beter en meer volwasse om verantwoordelikheid te aanvaar as jy regtig skuldig is, as om daarvoor tot verantwoording geroep te moet word. Dit is beslis meer onselfsugtig, maak die vergifnis makliker en bespoedig die aanbeweging. Dit is mos nou die mal politieke seisoen van nuwe burgemeesters ... en hulle het almal ou en nuwe stories. En 'n mens wonder hoekom party nie maar terugstaan nie. Maklik om daarvoor te dink vanuit die politieke oog, maar moeilik vanuit die geloofsoog! Wat dink jy?

Aantekening:

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com